BEROEPENUUS– *geen nuwe nuus ontvang nie*
Beroepe ontvang
Ds BCG Fourie van Kameeldrift na Newcastle
Beroepe aanvaar
Ds DJ Dykstra van Colesberg/Bloemburg/Philippolis na Nigel

65 + Funksie– Kom kuier saam met ons by die kerk op **25 Mei 2013** dan neem ons u op 'n reis na Griekeland. Bevestig aub. voor 22 Mei 2013 as u die uitnodiging gaan aanvaar. Skakel vir sr Amanda by kerkkantoor voor 13:00. 012-3262290.

Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade –deur ds. E Kayayan
Vervolg van verlede week
'Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed'. Ons aanskou ook sy werke; nie net sy werke in die skepping nie, maar ook sy werke van verlossing, wat hy in Christus voltooi het om 'n nuwe skepping tot stand te bring.
Christus se sentrale plek in die Sabbat.
In die Ou Testament kon die Sabbat nooit van offers geskei word nie. Die offers was tekens van versoening met God. Die brief aan die Hebreërs lê klem op die finale soendood van die finale priester, Jesus Christus, wat alles perfek voltooi het. Jesus se laaste woorde aan die kruis was: 'Dit is volbring !'Die werk waarvoor sy Vader Hom gestuur het, is heeltemal voltooi. Met Christus se voltooiing van God se werk is 'n heel nuwe dimensie aan die Sabbat gegee. Ons aanskou God se werk nou nie net in sy skepping nie, maar ook in sy herskepping deur Christus. Christus het die sentrale plek in die Sabbat ingeneem. Hy het die groot verlossingsdaad verrig wat aan ons shalom, vrede en rus, gee. Hy alleen mag sê: *'Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat'* (Markus 2:27,28). *Word vervolg*

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgesingsbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

14/05– Esmé Badenhorst 0826124244	16/05– Ria van der Linde 0798739305
14/05/ Helen Schutte 0837554800	17/05– Joey Wybenga 0833766658
15/05– Maryna Kendrick 0827677639	18/05– Dirk Badenhorst (sr.) 0822638792
16/05– Amanda Tromp 0798762930	19/05– Ansie Putter 0826141665
16/05– Pieter van der Dussen (jr.)	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Ek kon my weldade baie dikker gesaai het en hulle sou nog nie mekaar verdruk het nie
– CJ Langenhoven

Die Krugertjie

12 Mei 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: 1 Thessalonicense 1:1-10
Teks: 1 Thessalonicense 1:8-10
Sing: Ps. 118:2,7; Ps. 81:1,4; Ps. 46:3,6; Ps. 48:5

'N KERK SOOS IN THESSALONIKA MOET ONS NA ONSSELF LAAT KYK

Weet u dit is wonderlik wat van die gemeente in Thessalonika gesê is. Vers 8 wys op die Woord wat weerklink het. Vers 9 wys op die daadwerklike lewe en toewyding, bekering en opoffering wat in daardie kerk was. Vers 10 wys op die diepe verwagting as 'n mens Jesus Christus voor oë hou.

Ons tema is dan : ***'n kerk soos in Thessalonika moet ons na onsself laat kyk.*** Eerstens dan wat dit beteken dat die Woord moet weerklink. Tweedens waar lê ons harte. In die derde plek wat is werklik ons verwagtinge...

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Psalm 114
Kategismus: Sondag 26
Sing: Ps. 18:1,2,8; Ps. 42:1,4; Ps. 46:1,2

DIE HEILIGE DOOP

Die doop in die Ou Testament, al is dit die sondvloed, die Rooi See, die Jordaanrivier, is elke keer God se uitwendige waterbad.

Reiniging en redding kom elke keer deur hierdie waterbad van die Here ter sprake. Elke keer is daar 'n genade betoning aan God se kinders deur hierdie waterbad, maar ook 'n gerig voltrekking aan die ongelowiges deur dieselfde waterbad.

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 24 en 25
Ouderlinge: Johan de Jonge; Willie J van Rensburg
Diakens: Johan du Plooy; Marinus Lorist

Volgende Sondag– Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo; Koos van der Merwe
Diakens: Chris Putter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Jansie van Tonder, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is kritiek in die Rosepark hospitaal in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe in hierdie sware tyd. **Br Piet van der Kooi** se toestand het weer versleg. Daar het weer bloeding op die brein begin en die dokter is nie seker of hy weer sal kan opereer nie. Hy is steeds in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Ds. Andries Mulder** se knie het verbeter. Hy is darem weer by die huis. **Br Dries de Ridder** wat die laaste weke swaarkry met sy rug, maar wie se gesondheid in die geheel nie reg is nie, dra ons aan die genadetroon van die Here op. Mag daar weer vir hom beterskap kom. **Sr Martie Steyn** het geval en baie seergekry. Sy was ook weer paar dae in Eugene Marais hospitaal. Ons vertrou dat sy goed mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is wel uit die hospitaal ontslaan maar die heup is nog nie herstel nie. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. . **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br. Kallie Tromp en sr Amanda Rheeder** wat gister in die huwelik bevestig is. Ons gebed is dat hulle 'n gelukkige en geseënde huwelik mag hê.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM
sone.combrinck@facebook.com.

SUSTERS-
ETE NA NAGMAAL–

Spyskaart vir eerskomende Nagmaal DV 26 Mei 2013
Bees– of skaapbredie, rys, mengelslaai, broodjies, Nagereg, Gebakte poeding en vla.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding
12/05//2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
16/05	Oudl vergd
19/05	Voorbereiding Belydenisaflegging
25/05	65+ Onthaal
26/05	Nagmaal en Nabetragting

BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

Bestanddele benodig: 10kg Rama margarien ; 25 kg bruismeel; 60 eiers; 10 lit karringmelk; 10 kg suiker; 1 kg All bran vlokkies

JESUS-Die Musiekblyspel—<u>Moet dit aub nie ondersteun nie!</u> Vergelyk Sondag 35 Kategismus

*Hierdie godslastering begin reeds by ons kerk se weste-ingang met die plakkaat aan van die pale gesit wat hierdie "blyspel" adverteer, waaroor ons moet treur en glad nie oor kan bly wees nie. "**God kan op geen enkele manier afgebeeld word nie... Nog minder mag 'n mens homself/haarself aanmatig om in een of ander kuns produksie die rol van God voor te stel!** Laat Sone Combrinck wat met Kanselteater saamwerk ons hartseer, opstand en misnoeë hoor. So ook Johan Scholtz wat hierdie godslastering se teks en regie behartig. Begin deur dit te veroordeel en eenvoudig te boikot! Sone se e-pos waarmee ons ons beswaar kan rig is sone.combrinck@facebook.com*

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

<u>DIE EVANGELIE: MATTHEüS</u>

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 3

3:1, Daardie dae – Hiermee word die tyd aangedui toe Jesus ongeveer 30 jaar oud sou wees. Matteüs bedoel met die woorde om die tyd van Jesus se doop aan te dui.
Opgetree – Johannes het sy openbare optrede begin.
Johannes – Dit kom van die Israelitiese naam Johanan, wat beteken "Die HERE is genadig."
Die Doper – Mense het baiemaal byname gekry om hulle nader aan te dui, soos bv Elimas die Towenaar, Johannes die Skoenmaker, Bar-Timeüs (Seun van Timeüs).
Woestyn – Hier word nie gepraat van "woestyn" in die absolute sin nie, maar van die woesteny, yl bewoon, tussen die bergland van Judea en die Dooie See in die ooste. Hy het op verskeie plekke opgetree, maar merendeels was dit in meer afgesonderde plekke, suid van Jerigo.
3:2 – Die hoofinhoud van sy prediking was om mense tot totale vernuwing te bring, om die komende Koninkryk te kan betree. Hy het *bekering* en *vergiffenis van sondes* verkondig, teenoor die uiterlike koue pligspleging wat die Fariseërs die volk geleer het.
Christus se Saligsprekinge in die Bergpredikasie het dadelik, by die begin van Sy prediking, voortgesit met hierdie verkondiging deur Johannes. Wees **niks** *voor God, sodat Sy genade alles mag wees. Wanneer vir `n mens* ***alles*** *weg is wat jy gedink het daar in jouself is, dan is jy naby aan die Koninkryk.*
3:3, hy van wie . . . gespreek is – Nog `n vervulling van die profesieë word bygevoeg. Jes 40:3 word aangehaal. Johannes is die Herout (voorloper), wat die Koning se koms sou aankondig en pad daarvoor sou berei. Daar word op gewys dat veral afgeleë plekke die paaie sou moes voorberei as `n hooggeplaaste op besoek kom, vandaar die gebruik van die beeld in Jesaja. *Sy verkondiging is: Die volheid van die tyd het gekom. Die Verlosser is hier ! Die HERE het deur Jesaja aan die volk in ballingskap laat verkondig dat die hooghartige nasies se trots en spot gebreek sal word.*
Die benoude gelowiges moes hoor dat die tyd kom waarin die stryd verby sal wees. Sy pad deur die woestyn het vir ons die pad van verlossing en die lewe geword.
3:4–5, Deur sy klere en leefwyse het Johannes hom getoon as `n besondere profeet soos Elia, wat hom afgesonder en toegewy het aan God se diens. God sal hom versorg. Hierdie beeld van hom en sy aankondiging van die Messias het gemaak dat die mense kom luister het. Hier is nie maar nog `n Fariseër wat belangrik wil lyk met sy gebeds-manteltjie en tossels nie. Hy is nie soos hulle besig om maar net die ou rabbi's (leraars) se spekulasies oor die Wet en oorleweringe van die ou mense te verkondig nie, maar het `n Blye Boodskap om oor te dra.
3:6, Belydenis – Ook anders as by die Fariseërs, is dit hier waar die harte geroer word en daar nie plek is vir hooghartigheid nie. Belydenis van skuld is die begin van die bekeringspad, en nie tiendes van anys en koljander nie. Die Fariseërs het onbenullighede beskou as koopsom van jou saligheid.
Innerlike reinheid moet gesoek word. Daarop het Jesus dikwels gewys, wanneer Hy die sondes vergewe het.
Totius het in `n artikel (Kerkblad 1/11/1907) die Roomse leer weerspreek, waarmee hulle stel dat hulle priesters (die kerk) by skuldbelydenis die sonde vergewe. Hy verwys na en ander hierdie tekste om te wys dat vergiffenis ***alleen*** *ter wille van Christus se verdienste is. Dit is nie op grond van Roomse "heiliges" se verdienstes, wat deur die kerk in pand gehou sou wees nie.*
3:7, Fariseërs en Saduseërs – Eersgenoemdes het hulle veral toegespits op die hou van allerhande oorgelewerde gebruike uit die verlede, waarmee hulle die volk verlei het. Die volk het gedink `n koue, uiterlike hou van gebruike is verdienste voor God, wat hulle dan moet beloon. Die Saduseërs weer het die oorlewerings opsygeskuif vir die hou van die Wet van God, maar met hulle vergriekste lewens was hulle baie lief vir die Herodiane. Self was hulle dus heidens in lewensstyl. Hulle het die bestaan van engele en die opstanding van die dode verwerp. Hulle was veral Leviete: uit hoëpriesterlike families.
[Laat dit mens nie wonder oor die mense uit uitnemende teologiese agtergrond, wat van die einde van die 20e eeu af politiek en menslike beskouings van die Skrif in die Kerke laat bo-toon voer nie.] *word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Mei 1828– Dr. Andrew Murray (jr.) gebore; *9 Mei 1872–* Danie Theron (Boereverkenner) gebore; *9 Mei 1883-* Pres Paul Kruger as staatspresident ingeluidig (weer in 1888,1893 en 1898 herkies); *10 Mei 1961–* CR Swart as eerste Staatspresident van RSA verkies; *17 Mei 1901–* Betsie Verwoerd (Schoombee) egg HF Verwoerd gebore; *19 Mei 1901–* Pres MW Pretorius oorlede; *22 Mei 1874-* Dr. DF Malan gebore; *27 Mei 1874–* Eerste deel van Dorslandtrek begin; *28 Mei 1911–* ds. SJ du Toit oorlede; *31 Mei 1844–* Anneksasie van Natal deur England.